# HOOFSTUK 3.

## IMPLEMENTERING VAN DIE MANDAATSTELSEL, 1919 - 1920.

### 3.1. TUSSENTYDSE ADMINISTRATIEWE REËLINGS.

Deur die aanvaarding van Wet 49 van 1919 het Suid-Afrika formeel sy verpligtinge as mandataris oor Suidwes-Afrika aanvaar. Aan die Goewerneur-generaal is die bevoegdheid verleen "om alle behoorlike en dienstige maatregelen te nemen om aan het Verdrag voor zover het de Unie betreft of aan enige Mandaat uitgereikt ingevolge het Verdrag met betrekking tot het grondgebied van Zuid West Afrika, uitvoering te geven". Die Goewerneur-generaal kon hierdie bevoegdheid aan die Eerste Minister van die Unie delegeer.

Artikels een en twee van die wet het die Goewerneur-generaal beklee met uitvoerende en wetgewende gesag. Ondergeskik aan die bepalinge van artikel vier [1.] kon die Goewerneur-

---

1. Artikel vier van Wet 49 van 1919 het die volgende behels:
   - Die Goewerneur-generaal mog by wyse van 'n proklamasie, met sodanige wysiginge as wat hy nodig sou ag, die bepalinge van een of meer van die volgende wette op Suidwes-Afrika van toepassing maak: die Kroongrond Nederzettingswet, 1912, die Nederzettingswet Wijzigingswet, 1917, die Kroongrond Vervreemdings Ordonantie, 1903 van Transvaal en die Kroongrond Vervreemding Wijzigings Ordonantie, 1906 van Transvaal.
   - Geen toekenning van 'n titel, reg of belang ten opsigte van staatsgrond, delfstowwe of territoriale waters of handels- of ander konsessies kon toegestaan word sonder die magtiging van die Unieparlement nie.
   - Geen grondgebied wat gereserveer is of sou word as reservate vir die Nie-Blankes mog sonder magtiging van die Unieparlement vervreem word nie.

   Vergelyk Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1919, p.495.

generaal volgens artikel twee, deur middel van proklamasies enige wette van toepassing in die gebied herroep, verander, amendeer of modifiseer, nuwe wette uitvaardig en sy magte in dié verband delegeer aan 'n amptenaar in die gebied om volgens sy instruksies op te tree.

Artikel drie het hom ook met regterlike gesag beklee en bepalings in verband met die oplê van strawwe moes so gou as moontlik aan die Unieparlement voorgelê word. Die bepalinge van dié wet was van krag tot 1 Julie 1920, maar kon verleng word indien beide huise van die Parlement so sou besluit. [2]

Gedurende die tussentydse periode, totdat die Unie van Suid-Afrika 'n meer definitiewe reëling met betrekking tot die administrasie van Suidwes-Afrika getref het, is die volgende maatreëls deur die Eerste Minister, generaal J.C. Smuts, neergelê: [3]

---

2. Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1919, pp.493, 495; Allgemeine Zeitung, 25.9.1919.
   Wet 49 van 1919 is verleng vir nog 'n jaar en is toe deur Wet 32 van 1921 onbepaald verleng, totdat die Unieparlement dit sou herroep. Vergelyk A. 312 varia Administrasie S.W.A., vol.2 item 7: The Treaty of Peace and South West Africa Mandate Act no. 49 of 1919, p.2.

3. ADM.I/1900/1: Interim system of administration in South West Africa. Memorandum by Prime Minister for Departments, 8.11.1919, pp.1-3; Vergelyk ook ADM.I/1900/1: omsendbrief, November 1919, pp.3-4.

- Die Administrateur sou die Unieregering verteenwoordig en moes toesig hou oor alle openbare dienste in die gebied. Staatsdepartemente van die Unie moes onder toesig van die Administrateur in die gebied optree.
- Amptenare van die Unie wat in Suidwes-Afrika werksaam was, sou lede van die Suid-Afrikaanse staatsdiens bly.
- In die begrotingspos van die Eerste Minister sou voorsiening gemaak word vir die salarisse van die Administrateur en sy personeel. Vir die salarisse van amptenare van Uniedepartemente moes in die begrotings van daardie verskillende departemente voorsiening gemaak word.
- Die Kommissaris van Polisie van Suid-Afrika moes 'n polisiemag vir Suidwes-Afrika volgens die Suid-Afrikaanse patroon op die been bring.
- Die Goewerneur-generaal moes beheer uitoefen oor alle inkomste wat in Suidwes-Afrika verkry word.
- Alle inkomste, behalwe dié van die spoorweë, moes in 'n spesiale fonds, bekend as die Suidwes-Afrika Inkomstefonds, belê word. Die administratiewe uitgawes moes uit hierdie fonds gedek word.
- Die Administrateur moes in oorleg met die verskillende staatsdepartemente van die Unie 'n begroting van verwagte inkomste en uitgawe aan die Goewerneur-generaal vir goedkeuring voorlê.
- Die Sekretaris van die gebied moes optree as hoof-rekenpligtige amptenaar en sou sy taak uitvoer volgens dieselfde riglyne as wat vir sy eweknie in Suid-Afrika gegeld het.
- Die Ouditeur-generaal of sy assistent moes toesig hou oor alle inkomste en uitgawe van Suidwes-Afrika.

- Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, soos bepaal deur artikel vyf van Wet 42 van 1916, [4.] sou volle verantwoordelikheid oor die spoorweë en hawens van Suidwes-Afrika behou.
- Alle inkomste verkry uit die spoorweë en hawens van Suidwes-Afrika sou belê word in die Suidwes-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Fonds.
- Dié fonds sou deur die Goewerneur-generaal in belang van die spoorweë en hawens van Suidwes-Afrika geadministreer word.
- Die Suidwes-Afrikaanse Spoorweë en Hawens moes op dieselfde wyse as dié in Suid-Afrika geadministreer word.

Een van die eerste sake wat gewoonlik aandag geniet wanneer 'n staat van "eienaar" verwissel, of onafhanklik word, is 'n moontlike naamsverandering. 'n Artikel wat in De Volkstem van 14 Oktober 1919 verskyn het, het beroeringe onder die Suidwesters veroorsaak. In hierdie artikel is die mening gehuldig dat die nuwe naam aan die persoon van wyle generaal Louis Botha gekoppel moes word. Bothaland,

---

4. Artikel vyf van Wet 42 van 1916 het onder andere die volgende bepaal: Die Suid-Afrikaanse Departement van Spoorweë en Hawens sou die administrasie van die spoorweë en hawens van Suidwes-Afrika hanteer. Indien die uitgawes die inkomste sou oorskry, dan moes sodanige bedrag tydelik verkry word uit die Spoorweg- en Hawerekening. Indien die inkomste egter die uitgawes oorskry, moes die bedrag tydelik in die Spoorweg- en Hawerekening gestort word. Daar moes noukeurig boek gehou word van genoemde krediete en debiete. Vergelyk Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1916, p.803.

Bothanië, Bothalia en Bothavia is voorgestel. Die koerant was van mening dat mevrou Botha 'n geskikte naam uit die voorgestelde name moes kies. [5.] De Heidelberg Nieuws van 26 November 1920 het die naam Mandatia voorgestel. Die ou bevolking het geprotesteer teen die anneksasiegedagte en laasgenoemde naam sou die Unie gedurig daaraan herinner dat dit nie hulle land is nie, maar dat hulle as voogde of rentmeesters moes optree. Bothaland het nie veel aanklank gevind nie, aangesien dit die ou inwoners te veel sou herinner aan die oorname van 1915. [6.] Die Südwest-Zuid West het op sy beurt die ou naam Damaraland of Damaria voorgestel. 'n Interessante benaming wat deur een van die lesers van dié koerant voorgestel is, is D A N A V O. Dié naam bevat elemente van al drie die oudste name vir Suidwes-Afrika, naamlik DA vir Damara, NA vir Namakwa en VO vir Ovambo. [7.]

Die Duitssprekende Suidwesters het sterk kapsie gemaak teen enige naamsverandering en hulle houding is by monde van die Allgemeine Zeitung as volg uitgedruk: "Da durch eine derartige Neubenennung tief in die Tradition und in das Gefühlsleben des hiesigen Deutschen eingegriffen werden würde, so mag es von Wert sein, festzustellen, wie sich die alte Bevölkerung des Landes zur dieser Frage verhält". [*] Die Unie was slegs mandataris en daar moes dus gewag word met enige besluit ten opsigte van die naamsverandering van Suidwes-Afrika totdat daar meer sekerheid oor die toekoms van die gebied bestaan het. [8.]

---

5. Die Voortrekker, 28.10.1919.

6. Südwest - Zuid West, 10.12.1920.

7. Südwest - Zuid West, 3.12.1920.

* "Omdat 'n sodanige nuwe benaming diep in die tradisie en in die gevoelslewe van die Duitsers sou ingryp, sal dit van waarde wees om vas te stel hoe die ou bevolking van die land omtrent hierdie saak voel."

8. Allgemeine Zeitung, 25.10.1919.

Daar is egter geen formele besluit oor die naamsverandering geneem nie en Suidwes-Afrika het sy naam behou met die weglating van die voorvoegsel Duits-. Die standpunt van De Volkstem, 14 Oktober 1919, kan onderskryf word: "Mens behoort jou hierin (naamsverandering) heelmaal [sic] op historiese standpunt te stel, en die dinge behoort die name te behou wat't vir die eerste maal ontvang't - van wie ook." [9.]

## 3.2. BESOEKE VAN LORD BUXTON EN GENERAAL SMUTS.

Die besoek van die Goewerneur-generaal, Lord Buxton, aan Suidwes-Afrika gedurende Oktober 1919, het 'n positiewe uitwerking gehad in dié sin dat sekere kardinale onduidelikhede uit die weg geruim is. Die lede van die reisgeselskap het bestaan uit Lord en mevrou Buxton, majoor en mevrou Fitzroy, kaptein Wilson en mevrou G. Baring. Hulle is gedurende die reis vergesel deur die Administrateur, sir Howard Gorges, en deur die Direkteur van die Spoorweë, kolonel Wallace. Lord Buxton en sy geselskap het op 25 September 1919 vanaf Kaapstad vertrek en het na 'n reis van ongeveer 6 436 kilometer te Pretoria aangekom. Die belangrikste plekke, met die uitsondering van Karibib en Warmbad, is besoek en verskeie deputasies is ontvang. Die vernaamste oogmerk van die besoek was om 'n persoonlike kontak met die Duitssprekendes te bewerkstellig. Teen die einde van sy besoek het Lord Buxton opgemerk: "I should judge from what I saw and heard that the Territory has a very considerable future." [10.]

---

9. Soos aangehaal in Die Voortrekker van 28.10.1919.

10. ADM.II/W/23: Visit of the Governor-General to the South West Territory in October 1919, March 1920, pp.1-2.

Tydens sy toespraak te Windhoek, op 2 Oktober 1919, het Lord Buxton alle twyfel in verband met die toekoms van Suidwes-Afrika finaal uit die weg geruim. Hy het veral drie sake beklemtoon:

- Suidwes-Afrika sou onder geen omstandighede aan Duitsland teruggegee word nie.
- Die gebied sou in die toekoms 'n integrale deel van die Unie vorm.
- Wat ook al die finale konstitusie van die Volkebond sou wees, geen een van genoemde sake sou heroorweeg word nie, want "they have been settled irrevocable, once and for all, by the Peace Treaty." [11.]

Die Goewerneur-generaal se uitspraak in verband met die toekoms van Suidwes-Afrika was 'n groot skok vir menige Duitssprekende wat gehoop het dat Suidwes-Afrika in die toekoms aan Duitsland teruggegee sou word: "The speech effectively, finally, and irrevocably dissipated any such idea, and stopped up all the holes." [12.]

Die meeste deputasies wat deur die Goewerneur-generaal te woord gestaan is, wou weet wanneer krygswet opgehef sou word. In die adres van die dorp Karibib word dit byvoorbeeld sô verwoord: "Die Bevölkerung erbittet die Aufhebung des Kriegrechtes, insbesondere der Zensur und des Passzwanges für Reisen innerhalb des Schutzgebietes sowie der Union." [* 13.] Lord Buxton het die hoop uitgespreek dat

---

11. ADM.II/W/23: Visit of the Governor-General ..., p.4; Allgemeine Zeitung, 3.10.1919.

12. ADM.II/W/23: Visit of the Governor-General ..., p.11.

* "Die bevolking bepleit die opheffing van die krygswet, in besonder die sensuur en die pasvereistes vir reise binne die Protektoraat soos in die Unie."

13. Allgemeine Zeitung, 11.10.1919.



Generaal J.C. Smuts word op die Windhoekse stasie verwelkom, 1920.
(S.W.A. Argiefbewaarplek, Windhoek.)

militêre bestuur spoedig deur siviele administrasie vervang sou word. Die toekomstige administrasie sou gebaseer word op die beginsel van gelyke behandeling van die Blankes, Naturelle en Kleurlinge. [14.]

Een van die besondere hoogtepunte vir Suidwes-Afrika in die jaar 1920 was die besoek van die Eerste Minister van die Unie, generaal J.C. Smuts. Hy het op 28 Augustus 1920 na Suidwes-Afrika vertrek en is vergesel deur H. Burton (die Minister van Finasies), sir W.W. Hoy (Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë) en kolonel R.C. Wallace (Direkteur van die Suidwes-Afrikaanse Spoorweë). Administrateur Howard Gorges en sy opvolger, G.R. Hofmeyr, het op 31 Augustus 1920 te Keetmanshoop by die geselskap aangesluit. [15.] Smuts het die vernaamste dorpe besoek en is orals met die grootste eerbied en hartlikheid ontvang. [16.] Talle versoekskrifte is deur entoesiastiese afgevaardigdes aan generaal Smuts voorgelê. Die vernaamste probleme wat na vore gekom het, was die opheffing van krygswet, die Nie-Blanke vraagstuk, die Duitse taalkwessie, onvoldoende spoorweë en vervoergeriewe, Duitse immigrasie en die repatriasie van die Duitsers. [17.]

---

14. ADM.II/W/23: Visit of the Governor-General ..., p.6.
15. The Windhuk Advertiser, 28.8.1920, 1.9.1920 en 4.9.1920; Directory of South West Africa, 1919/20, p.227.
16. U.G. 26 - 1921: Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, p.4.
17. The Windhuk Advertiser, 4.9.1920.

Op 16 September 1920 het generaal Smuts in 'n toespraak te Windhoek sekere onduidelikhede probeer opklaar en veral gereageer op 'n gesamentlike Duitse memorandum. Hy was verheug oor sy entoesiastiese ontvangs dwarsdeur die gebied en dat G.R. Hofmeyr, die nuwe Administrateur, waardevolle ondervinding tydens die reis kon opdoen.[18.] Smuts het die Duitse inwoners bedank vir die besondere bydrae wat hulle gelewer het met die kolonisasie van Suidwes-Afrika. Hy het hulle verseker dat die Suid-Afrikaanse regering hulle simpatiekgesind was en alles moontlik sou doen om hulle te help.

Die Duitsers se begeerte dat Suidwes-Afrika 'n selfregerende staat moes word, is deur Smuts op 'n ondubbelsinnige wyse afgemaak: "The Union Government has complete authority over this territory, to deal with it as an integral portion of the Union; not as 'selbstandiges Teil' but as an integral portion if the Union as if this South-West 'Gebiet' were Union territory." Die mandaatsverpligtinge sou uitgevoer word onder die wette van die mandataris. Die Unie het volle bevoegdheid gehad om Suidwes-Afrika op dieselfde grondslag as enige deel van die Unie te bestuur. Die Unie se regstelsel, wetstelsel, administratiewe stelsel, finansiële stelsel, polisiediens, spoorweë en staatsdiens kon uitgebrei word na Suidwes-Afrika. Suidwes-Afrika kon selfs as 'n provinsie van Suid-Afrika bestuur word en aan die inwoners kon verteenwoordiging in die Unieparlement gegee word. Smuts kom dus

---

18. S.W.A.A./I/A.427/ 18vol.1: Speech delivered by the Right Honourable the Prime Minister of the Union of South Africa at Windhuk on 16.9.1920, p.1; The Windhuk Advertiser, 22.9.1920.

tot die gevolgtrekking: "You see, therefore, that the Mandate is an annexation in all but name. The authority given to the Union ... is so complete that its practical effects are identical with annexation." [19.]

Die staatkundige posisie van die Duitsers was besonder delikaat en sou met die grootste versigtigheid deur die Suid-Afrikaanse regering gehanteer word. Die Duitsers moes nie beskerming soek by die Volkebond of Duitsland nie, maar by die Unie van Suid-Afrika aan wie die gebied toevertrou is. Die mandatarisse van Togoland, Duits-Oos-Afrika en die Kameroen het die probleem in verband met die Duitssprekendes opgelos deur die hele Duitse bevolking te repatrieer. Suid-Afrika het die Duitsers meer simpatiek behandel en het slegs 'n gedeelte van die Duitse bevolking gerepatrieer. Die Duitsers het hulle dus in 'n posisie van staatloosheid bevind. Die Suid-Afrikaanse regering wou hulle nie in 'n spesifieke rigting forseer nie, maar aan hulle voldoende tyd gun om te besluit wat die beste vir hulle eie toekoms sou wees. By Smuts was daar egter nie twyfel nie: "To my mind, however, there is no other solution than that they should decide to become citizens of the Union!" [20.]

Smuts het verder verklaar dat die Suid-Afrikaanse regering die mandaatbepalings met groot sorg sou uitvoer. Suidwes-Afrika sou aanvanklik hanteer word as 'n aparte administratiewe eenheid. Die eerste stap in die konstitusionele ontwikkeling sou die spoedige instelling van 'n adviesraad wees wat die Administrateur sou bystaan. Mettertyd sou die aangewese

---

19. S.W.A.A./I/A.427/18 vol.1: Speech delivered by the Right Honourable the Prime Minister ..., pp.2,4-5.

20. S.W.A.A./I/A.427/18 vol.1: Speech delivered by the Right Honourable the Prime Minister ..., pp.5-7.

Adviesraad in 'n verkose Adviesraad omskep word, waarna die parlementêre stelsel geleidelik ingevoer kon word. Smuts het ook die inwoners van Suidwes-Afrika verseker dat krygswet feitlik onmiddellik afgeskaf sou word. [21.]

Die Duitsers wou nie aanvaar dat Suidwes-Afrika 'n deel sou vorm van die groter Suid-Afrikaanse geheel nie. [22.] Die Unieseksie daarenteen was ten gunste van noue samewerking met Suid-Afrika en tydens 'n kongres van die Zuid West Vereeniging is die volgende besluit geneem: "dat het Protektoraat van Zuid-West Afrika in de toekomst een Provincie van de Unie van Zuid Afrika zal en moet uitmaken." [23.]

## 3.3. G.R. HOFMEYR AS ADMINISTRATEUR AANGESTEL.

In Oktober 1920 het G.R. Hofmeyr, klerk van die Unie-Volksraad, sir Howard Gorges opgevolg as Administrateur van Suidwes-Afrika. [24.] Sir Howard Gorges se ampstermyn van vyf jaar was 'n moeilike en onsekere oorgangsfase onder militêre bestuur, sonder die definitiewe sekerheid dat Suid-Afrika wel beheer oor Suidwes-Afrika sou verkry, maar "through it all Sir Howard has governed the country, and brought it to a period of prosperity such as it has never enjoyed before." [25.]

G.R. Hofmeyr was goed toegerus vir sy nuwe amp, aangesien hy

---

21. S.W.A.A./I/A.427/18 vol.1: Speech delivered by the Right Honourable the Prime Minister ..., pp.7-8; The Windhuk Advertiser, 22.9.1920.
22. Allgemeine Zeitung, 27.1.1920.
23. Südwest - Zuid West, 19.11.1920.
24. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 4 - 1921, p.904.
25. The Windhuk Advertiser, 29.9.1920.

oor jarelange administratiewe ervaring beskik het. Ná voltooiing van sy studie aan die Victoria Kollege te Stellenbosch, het hy in 1890 by die Kaapse Staatsdiens aangesluit. In 1897 is hy tot assistent-klerk van die Kaapse laerhuis bevorder. Hy het in 1907 na Transvaal verhuis om as klerk van die Wetgewende Vergadering op te tree. Tydens die Nasionale Konvensie, 1908 - 1909, was hy sekretaris van die Transvaalse afvaardiging. Hy het die verantwoordelike pos van klerk van die Unie-Volksraad vanaf 1910 tot en met sy aanstelling as Administrateur van Suidwes-Afrika met onderskeiding beklee. [26.]

Meneer en mevrou G.R. Hormeyr het op 18 Oktober 1920 om 09h00 per trein in Windhoek aangekom. Hulle is deur 'n groot skare wat beide Duitse en Unieseksies verteenwoordig het, verwelkom. Die Stadsraad was voltallig en die burgemeester, Peter Müller, het namens die inwoners van Windhoek gepraat. Hy het die Administrateur verseker dat alle bevolkingsgroepe bereid was tot samewerking om sodoende die landsvraagstukke op te los. Sy toespraak is deur kaptein Bird in Engels, en meneer Rautenbach in Hollands, herhaal. Daarna het kolonel de Jager administrateur Hofmeyr namens die Zuid West Vereeniging verwelkom. Die Administrateur het almal in Afrikaans, Engels en Duits bedank vir die hartlike verwelkoming. Hy het die hoop uitgespreek dat almal sal saamwerk en kleinlike politiekery, wat die Unie op daardie stadium gekortwiek het, sal vermy. Hy het almal verseker dat hy na die land sonder vooroordele en onbevange gekom het en hy sou sake objektief beskou en probeer oplos. Die Duitse seksie was kennelik verheug oor die Administrateur se positiewe houding en beïndruk

---

26. C.J. Beyers(red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel III, p.414.



Administrateur G.R. Hofmeyr, 1920 - 1926.
(S.W.A. Argiefbewaarplek, Windhoek.)

deur die feit dat hy hulle in Duits aangespreek het: "Alles deutete darauf hin ... dass es sein aufrichtiges Bestreben ist mit uns zu leben und unsere Wünsche kennen zu lernen, um denselben nach Möglichkeit entgegen zu kommen." * 27.

## 3.4. DIE DE WET-KOMMISSIE.

Generaal Smuts se belofte van 16 September 1920 in verband met die instelling van 'n meer verteenwoordigende bestuur vir Suidwes-Afrika, is spoedig, op 12 Oktober 1920 gevolg deur die aanstelling van 'n parlementêre kommissie, die De Wet-kommissie. Die Kommissie se opdrag was soos volg: "In view of the provision of the Treaty of Peace with Germany that South-West Africa as a mandated territory can best be administered under the laws of the Union as an integral portion thereof, what should be the future form of government of that territory; in how far it can be governed as a Province of the Union, and when and in how far representation should be given to its population, both locally and in the Union Parliament; and, in the meantime, what changes should be made in the administration on the withdrawal of martial law." 28.

---

* "Alles dui daarop ... dat dit sy opregte strewe is om saam met ons te lewe en ons wense te leer ken, om dit so ver as moontlik tegemoet te kom."

27. Allgemeine Zeitung, 19.10.1920; Vergelyk ook A. 312 Varia Administrasie S.W.A., vol.32 item 109: Memorandum by the Administrator on the administration of the territory of South-West Africa since his assumption of duty on 18.10.1920, 4.1.1921, pp.3-4.

28. ADM.I/6642: Interim report of the commission appointed to enquire into the question of the future form of government in the South-West Africa Protectorate, 11.11.1920, p.1; S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: verslag De Wet-kommissie/waarnemende Goewerneur-generaal, 11.11.1920, p.1.

Die De Wet-kommissie het uit die volgende lede bestaan:

- N.J. de Wet, Minister van Justisie en voorsitter van die Kommissie (Suid-Afrikaanse Party);
- W.R. Burch (Suid-Afrikaanse Party);
- C.T.M. Wilcocks (Nasionale Party);
- Kolonel F.H.P. Cresswell (Arbeidersparty);
- Brigadier-generaal J.J. Byron (Unioniste Party). [29.]

Die volgende plekke is deur die Kommissie besoek om voorstelle in verband met die toekomstige regeringsvorm vir Suidwes-Afrika aan te hoor: Windhoek (25,26 en 27 Oktober), Usakos (28 Oktober), Omaruru (30 Oktober), Grootfontein (1 November), Swakopmund (3 November), Keetmanshoop (6 November) en Lüderitzbucht (8 November). [30.]

Verskeie voorstelle is deur die Kommissie ontvang wat die begeertes van beide die Unie- en Duitse seksies van die Blankes, asook die Basters verteenwoordig het. [31.] Op 26 Oktober 1920 het 'n deputasie van die Zuid West Vereeniging die volgende voorstelle ingedien: [32.]

---

29. ADM.I/6642: Interim report of the commission ..., p.2; Allgemeine Zeitung, 21.8.1920.

30. U.G. 24 - 1921: Interim and final reports of the commission appointed to enquire into the question of the future form of government in the South-West Africa Protectorate, p.8.

31. U.G. 24 - 1921: Interim and final reports of the commission ..., p.8.

32. Südwest - Zuid West, 19.11.1920; The Windhuk Advertiser, 27.10.1920; Allgemeine Zeitung, 30.10.1920.

- Die Protektoraat moes in die toekoms 'n provinsie van die Unie van Suid-Afrika word. Aangesien die tyd daarvoor nog nie ryp was nie, moes 'n tussentydse reëling getref word.
- Die krygswet moes onmiddellik afgeskaf word en 'n adviserende raad moes die Administrateur bystaan. Vier persone moes as raadslede deur die Unieregering benoem word.
- Die benoemde raadslede moes die vertroue van die bevolking geniet en oor deeglike kennis van die landsake beskik.
- Geen nuwe wette van belangrike aard mog ingestel word nie, alvorens hierdie voorgestelde vorm van administrasie geïmplementeer is nie.
- Die stemreg moes beperk word tot Blanke manlike persone.

Hierdie resolusie is onderteken deur kolonel M.J. de Jager, die voorsitter van die Zuid West Vereeniging.

Op Woensdag, 27 Oktober 1920, het der Verband der Verwertungs Gesellschaften * die Kommissie gespreek. Daar was ongeveer twintig lede teenwoordig en die voorsitter, meneer Matthiessen, het die woord gevoer en die volgende voorstelle aan die hand gedoen: [33]

- Hulle het die spoedige ophef van die krygswet versoek.
- Die administrasie moes geskied onder toesig van die Unieregering as die hoogste gesag, deur middel van 'n volksverteenwoordigende raad wat oor 'n beslissende stem sou beskik.
- Die gebied moes sy eie begroting hê, sodat die land in die toekoms vir homself sou kon sorg.

---

* Die Produsentevereniging.

33. Allgemeine Zeitung, 30.10.1920.

- Suidwes-Afrika moes geen verteenwoordiging in die Unie-parlement hê nie, aangesien die gebied daardeur in die Unie se partypolitiek betrek sou word.
- Die afgevaardigdes moes volgens sekere beroepsgroepe gekies word. Die ekonomiese omstandighede het byvoorbeeld in so 'n mate verskil dat verteenwoordigers vir die noordelike, suidelike en sentrale dele gekies moes word.
- Tydens die oorgangsfase moes 'n adviserende raad op dieselfde grondslag (punt 5) verkies word.
- Plaaslike bestuur moes uitgebou word deur die verkiesing van distriks- en stadsrade.

Baron Kraus wat der Vereinigung freier Berufe * verteenwoordig het en Herr Hiller, der Angestellten, * het ook op 27 Oktober die volgende voorstelle ingedien: [34.]

- 'n Selfstandige regering, bestaande uit verkose verteenwoordigers, moes in die lewe geroep word.
- Die verhouding tussen die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika moes in dieselfde mate ontwikkel as die Unie, met verhoogde status in die Britse Ryk.
- Beide Blanke bevolkingsgroepe (die Unie- en Duitse seksie) moes gelyke verteenwoordiging hê.
- Die verteenwoordigers moet uit die volgende sosio-ekonomiese groepe bestaan: twee boere, twee sakemanne, een van die arbeiderstand, een verteenwoordiger vir die Angestellter, een vir der freien Berufe en een vir die mynwese.
- Stemreg moes eers verleen word nadat 'n persoon drie jaar in die land woonagtig was.

---

* Die vereniging van vrye beroepe, soos byvoorbeeld dokters en regsgeleerdes.

* Salaristrekkers.

34. Allgemeine Zeitung, 30.10.1920.

Die voorstel wat R.H.A. Schneider van Okosongomingo op 5 September 1920 aan generaal Smuts gemaak het, verdien spesiale aandag. Dit het die volgende behels: [35.]

- Die instelling van 'n Landesrat wat volgens die wense van die inwoners sou regeer.
- Die Uniekabinet moes voorsiening maak vir 'n ekstra ministerium wat alle sake betreffende Suidwes-Afrika sou hanteer.
- Die betrokke ministerium moes die belange van die Protektoraat in die Unieparlement verteenwoordig.
- So 'n portefeulje moes verkieslik deur die Eerste Minister hanteer word, wat op 'n latere stadium deur 'n verteenwoordiger van die Landesrat vervul sou kon word.
- Die uitvoerende gesag van so 'n ministerium sou aan die eenkant gehanteer word deur die Administrateur wat terselfdertyd ook die uitvoerende persoon sou wees ten opsigte van die besluite van die Landesrat.
- Die Landesrat moes die finale besluit(e) kon neem oor kwessies rakende Suidwes-Afrika, veral die begroting.
- Plaaslike bestuur moes opgeknap word deur die herinstelling van munisipaliteite en distriksrade.

Die Kommissie het bogenoemde, en verskeie ander deputasies, te woord gestaan en het twee vername gedagterigtings in verband met die toekomstige regeringsvorm gevind. Enersyds wou die Unieseksie hê dat Suidwes-Afrika as 'n provinsie van die Unie van Suid-Afrika geadministreer word. Daarteenoor was die Duitse seksie begerig dat Suidwes-Afrika as 'n afsonderlike, en op finansiële gebied selfstandige staat, ontwikkel. [36.]

---

35. ADM.III Unregistered Papers. Visit of general J.C. Smuts to South West Africa, 1920: brief R.H.A. Schneider/J.C. Smuts 5.9.1920, pp.2, 4-6.

36. Südwest - Zuid West, 26.11.1920.

Alhoewel die onderskeie deputasies wyd uiteenlopende menings oor die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika gehuldig het, het hulle oor een saak saamgestem: As eerste stap moes 'n raad in die lewe geroep word wat die vernaamste belangegroepe verteenwoordig het en wat die Administrateur moes bystaan. Ten opsigte van die aantal lede van dié Raad en hoe dit saamgestel moes word, het groot verskille bestaan. Na 'n deeglike besinning het die De Wet-kommissie op 11 November 1920 'n tussentydse verslag te Upington laat verskyn. Volgens die Kommissie se verslag moes 'n adviesraad, wat slegs oor adviserende bevoegdhede sou beskik, ingestel word om die Administrateur by te staan. Die Adviesraad moes bestaan uit ses lede wat deur die Goewerneur-generaal van die Unie aangestel moes word. Vyf lede sou die boere, die handelaars, die mynwese en die salaristrekkers verteenwoordig. Die sesde lid moes die Administrateur van advies bedien betreffende die Nie-Blankes. Die verteenwoordigende liggame van die onderskeie belangegroepe sou versoek word om ten minste drie persone elk te benoem as moontlike kandidate vir die Adviesraad. Geen Adviesraadslid, behalwe die verteenwoordiger van die Nie-Blankes, mag in diens van die Unieregering gestaan het nie.[37]

Net soos die voorstelle aan die Kommissie, het die reaksie op genoemde tussentydse verslag verskil. Die Duitse seksie was verheug oor die feit dat die Kommissie so spoedig 'n verslag aan die Goewerneur-generaal voorgelê het. Hulle kritiek was egter gekonsentreer op die klein getal van die Adviesraadslede. Slegs 'n gedeelte van die Blanke bevolking sou deur die

---

37. ADM.I/6642: Interim report of the commission ..., pp.1-2; Allgemeine Zeitung, 22.11.1920.

Adviesraad verteenwoordig word, naamlik ongeveer 600 boere, 800 salaristrekkers, 500 handelaars en enkele mynboubelange. Ongeveer 3 000 persone het nie onder genoemde belangegroepe geressorteer nie. Hulle het net soveel reg op verteenwoordiging as die Nie-Blankes gehad. Die groepe wat nie verteenwoordig was nie, was die Vereinigung der freien Berufe en der selbständigen Handwerker.* Meer as die helfte van die bevolking was dus volgens die Duitse seksie nie verteeńwoordig nie en die getal van die Adviesraadslede moes na hul mening minstens verdubbel word. [38.]

Die Unieseksie het 'n meer positiewe houding ingeneem: "Voor hoe lang of die voorgestelde vorm van regering zal moeten voortduren moet de tijd ons leren, doch wij moeten aannemen, dat't land op die wijze geregeerd zal moeten worden voor minstens twee jaren en gedurende die twee jaren hebben wij dan tijd om verder over de zaak te denken en te beraadslagen." [39.]

In die De Wet-kommissie se finale verslag van 11 Maart 1921 is sekere radikale veranderinge ten opsigte van die regeringsvorm in Suidwes-Afrika voorgestel. Die voorgestelde regeringsvorm in die tussentydse verslag moes so gou as moontlik vervang word deur 'n regeringsvorm wat toe in die vier provinsies van Suid-Afrika van krag was. Die inwoners moes dus volle verteenwoordiging verkry in 'n provinsiale raad en in die Unieparlement. Sodra laasgenoemde fase bereik sou wees, moes Suidwes-Afrika bestuur word as 'n vyfde provinsie van Suid-Afrika. Die administrasie moes egter altyd onderworpe wees aan die mandaatsbepalings. [40.]

---

* Ambagslui.

38. Allgemeine Zeitung, 22.11.1920.

39. Südwest - Zuid West, 26.11.1920.

40. ADM.I/6642: Final report of the commission appointed to enquire into the question of the future form of government in the South-West Africa Protectorate, 11.3.1921, p.4.

Die Unieregering het nie onmiddellik uitvoering gegee aan die finale aanbevelings van die De Wet-kommissie nie en eers in 1925 is radikale veranderinge aangebring deur Wet 42 van 1925 ten opsigte van die regeringsvorm in Suidwes-Afrika.[41]

Die tydperk van siviele administrasie in Suidwes-Afrika is formeel op 1 Januarie 1921 deur die opheffing van militêre bestuur ingelui kragtens die "Indemnity and Withdrawal of Martial Law Proclamation", gedateer 31 Desember 1920.[42]

---

41. P.S. van der Merwe: Die ontwikkeling van selfbestuur in Suidwes-Afrika, 1919 - 1960, p.26.

42. A.J. Waters: The laws of South West Africa, 1915 - 1922, pp.476-479.